**VRAAG** **100 punte**

## 1 Agtergrond

Die Toon World Entertainment Groep ('TWE Groep') is 'n Suid-Afrikaanse kreatiewe media- en vermaaklikheidsgroep betrokke by die produksie en verspreiding van animasieflieks en TV-reekse. TWE Groep is sedert 1992 in hierdie industrie bedrywig en is in 2015 op die Johannesburg Aandelebeurs genoteer.

Sleutelinligting rakende die TWE Groep:

- Alle maatskappye in die TWE Groep is in Suid-Afrika geïnkorporeer en het 30 Junie finansiële jaareindes.
- Die TWE Groep berei sy finansiële state in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRSs) voor.
- Die funksionele en aanbiedingsgeldeenheid van alle maatskappye in die TWE Groep is die Suid-Afrikaanse rand.

Die TWE Groep het op 30 Junie 2020 (FJ2020) uit die onderstaande afsonderlike regsentiteite, wat almal wesenlik vir die TWE Groep is, bestaan:

- TWE Holdings Bpk ('TWE Holdings'): Dit is die genoteerde houermaatskappy. TWE Holdings is nie 'n beleggingsentiteit soos omskryf in IFRS 10 *Consolidated Financial Statements* nie en geen persoon het beheer of gesamentlike beheer oor TWE Holdings nie.
- TWE Productions (Edms) Bpk ('TWE Productions'): Hierdie entiteit is verantwoordelik vir die produksie van animasieflieks en TV-reekse. TWE Productions kontrakteer sommige van sy funksies uit na derdeparty animasieateljees.
- TWE Manufacturing (Edms) Bpk ('TWE Manufacturing'): Hierdie entiteit is verantwoordelik vir die vervaardiging, verpakking en verspreiding van digitale veelsydige diskette (DVDs) na kliënte. Hierdie entiteit het ook 'n afdeling wat verantwoordelik is vir die vervaardiging van kleredrag en bykomstighede wat met die TWE Groep se flieks en TV-reekse verband hou. Dit sluit artikels soos speelgoed en videospeletjies in.
- Digital Streaming Solutions (Edms) Bpk ('DSS'): DSS is 'n tegnologie beginner-maatskappy (Eng.: 'start-up company') betrokke by die ontwikkeling van toepassings vir 'n wye reeks kliënte, met inbegrip van kleinhandelaars wat na die aanlyn verkoopruimte uitbrei.

TWE Holdings het gedurende die jaar die onderstaande uitvoerende direkteure, wat ook voltydse werknemers van die maatskappy was, gehad:

| Rol en verantwoordelikheid | Uitvoerende direkteur |
|---|---|
| Hoof- uitvoerende beampte | Mnr Sheriff Woody |
| Hoof- bedryfsbeampte | Mnr Buzz Lightyear (op 15 September 2019 oorlede, plaasvervanger moet nog aangewys word) |
| Hoof- finansiële beampte | Me Andrea Peep |
| Hoof- beleggingsbeampte | Me Sally Carrera |

Awdit Ing. ('Awdit') is vir FJ2020 heraangestel as die ouditeure van die TWE Groep en sommige van die afsonderlike regsentiteite. Jy is een van die ouditleerlinge wat aan die FJ2020 TWE Groep se ouditspan toegewys is. Die onderstaande afsonderlike regsentiteite word ook deur jou ouditspan geoudit:

- TWE Holdings,
- TWE Productions, en
- TWE Manufacturing.


© SAIGR 2020

## 2 Belegging in TWE Manufacturing

TWE Holdings het op 1 Julie 2017 besluit om sy besigheidsbedrywighede te diversifiseer en het in TWE Manufacturing belê. Die besonderhede van hierdie belegging is soos volg:

| | |
|---|---|
| Aard van verhouding met die groep | Vervaardiging en verpakking van DVDs |
| | Vervaardiging van kleredrag en bykomstighede |
| Getal gewone aandele uitgereik | 100 000 R1-aandele |
| Eienaarsbelang verkry | 35% (35 000 aandele) |
| Koopprys | R500 000 kontant vergoeding op 1 Julie 2017 vereffen |
| Langtermynlening | TWE Holdings het op 1 Julie 2017 R80 000 aan TWE Manufacturing geleen met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie. Die aflossing van hierdie lening word nie geag waarskynlik te wees nie, en daar word ook nie beplan dat dit in die afsienbare toekoms sal plaasvind nie. |
| Bykomende inligting | Die aandeelverkryging het nie daartoe gelei dat TWE Holdings beheer of gesamentlike beheer van TWE Manufacturing verkry het nie. |
| | Die netto batewaarde van TWE Manufacturing het op 1 Julie 2017 R1,2 miljoen beloop en al die identifiseerbare netto bates van TWE Manufacturing was op daardie datum billik gewaardeer. |
| | TWE Manufacturing het op 30 Junie 2020 voorraad ter waarde van R45 000, wat gedurende FJ2020 van TWE Holdings verkry is, voorhande gehad. TWE Holdings het ŉ winsopslag van 25% op die koste gehef. |

Die TWE Groep het alle inligting in verband met TWE Manufacturing soos volg in die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir FJ2020 openbaar gemaak:

| AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020 | |
|---|---|
| **18. Belang in geassosieerde** | **R** |
| | **Dt/(Kt)** |
| **TWE Manufacturing** | |
| Belegging in geassosieerde | 594 500 |
| | |
| **Opsomming van finansiële inligting vir die jaar** | |
| ***Finansiële posisie*** | |
| Niebedryfsbates | 1 570 000 |
| Bedryfsbates | 320 000 |
| Niebedryfslaste | (380 000) |
| Bedryfslaste | (40 000) |
| Netto bates | 1 470 000 |
| Verklaarde kapitaal | (100 000) |
| Behoue verdienste | (1 370 000) |
| | – |
| ***Wins of verlies vir die jaar*** | |
| Inkomste | (180 000) |
| Wins na belasting vir die jaar | (120 000) |

Die belegging in TWE Manufacturing word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Ekwiteitsverantwoorde inkomste wat by die drabedrae van die beleggings ingesluit is, verteenwoordig die groep se proporsionele aandeel van die geassosieerde se behoue verdienste nadat dividende ontvang/betaalbaar deur die geassosieerde verantwoord is.

## 3 Belegging in DSS

TWE Holdings het DSS as ʼn moontlike beleggingsgeleentheid geïdentifiseer omdat kliënte die wyse waarop hulle media-inhoud gebruik, begin verander het. TWE Holdings het dus in 2017 besluit om ʼn 10% ekwiteitsbelang vir ʼn totale kontantvergoeding van R300 000 in DSS te verkry. TWE Holdings het by verkryging die 10% ekwiteitsbelang korrek in sy afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state as ʼn finansiële bate geklassifiseer, en het gekies om die belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste te meet.

TWE Holdings het ook ʼn opsie gehad om op of voor 30 Junie 2023 ʼn verdere 35% ekwiteitsbelang in DSS teen ʼn billike markwaarde, wat deur ʼn onafhanklike eksterne waardasiekundige bepaal moet word, te verkry. Die aandeelhouersooreenkoms bepaal dat, indien TWE Holdings sy opsie om die verdere 35% belang te verkry sou uitoefen, TWE Holdings ook daarop geregtig sou wees om drie van die vyf direkteure van DSS aan te stel.

TWE Holdings se direksie het besluit om die opsie uit te oefen en het die bykomende 35% ekwiteitsbelang op 1 September 2019 verkry. Dit het daartoe gelei dat TWE Holdings vanaf daardie datum korrek ingevolge IFRS 10 *Consolidated Financial Statements* beheer oor DSS verkry het en dit is ingevolge IFRS 3 *Business Combinations* korrek as ʼn besigheidsamevoeging geïdentifiseer. TWE Holdings het gekies om die niebeherende belange van hierdie verkryging teen die billike waarde daarvan van R1,45 miljoen op die verkrygingsdatum te meet. Op 1 September 2019 die billike waarde van die aanvanklike 10% ekwiteitsbelegging in DSS het R380 000 beloop.

Die verkryging is soos volg vereffen:

1 ʼn Onmiddellike kontantbetaling van R990 000 op 1 September 2019. Die senior rekenmeester van TWE Holdings het op 31 Mei 2020 geïdentifiseer dat R65 000 van hierdie betaling betrekking het op kostes ten opsigte van die waardasies en regsooreenkomste vir die verkryging van DSS. Dit is in September 2019 aan Moche Consultants betaal.

2 Die uitreiking van 5 000 TWE Holdings gewone aandele aan die verkopers op 30 Junie 2020, op voorwaarde dat DSS ʼn kumulatiewe verkoopsteiken van R16 miljoen vir FJ2020 bereik, sonder enige opsie vir die pro rata uitreiking van aandele. Daar is op 1 September 2019 verwag dat die kumulatiewe verkoopteiken bereik sou word, en die billike waarde van die voorwaardelike vergoeding is korrek gemeet teen R35,60 per aandeel aangebied; en

3 ʼn Betaling van R10 000 per maand aan mnr Rex Green, ʼn voormalige aandeelhouer van DSS, vir ʼn tydperk van 12 maande (met ingang van 1 September 2019). Dit was onderworpe aan die voorwaarde dat die maandelikse bedryfsonkoste van DSS gedurende hierdie 12-maandetydperk onder die begroting bly. Rex het gedurende hierdie tydperk teen ʼn laer as markverwante salaris as die hoof- bedryfsbeampte van DSS waargeneem.

Die billike waarde van die identifiseerbare netto bates was, met uitsondering van die onderstaande, gelyk aan hul drabedrae op die verkrygingsdatum:

1 DSS het sagteware intern ontwikkel wat van kritieke belang vir hul toepassings-ontwikkelingsprosesse is. DSS het kopiereg op hierdie sagteware en het alle kostes wat tot op datum in verband met hierdie sagteware aangegaan is, as uitgawes teboekgestel. Die billike waarde van die sagteware het R620 000 beloop en sal na verwagting ʼn onbepaalde nutsduur hê.

2 DSS se aanspreeklikheid vir opgehoopte verlof vir hul werknemers, wat korrek ingevolge IAS 19 *Employee Benefits* verantwoord is en wat R160 000 beloop het. Die billike waarde van die aanspreeklikheid is op R210 000 geraam.

3 Rekenaartoerusting wat op 1 Julie 2017 teen R300 000 aangekoop is. Die toerusting is ten volle afgeskryf in FJ2019 maar word steeds aktief deur DSS gebruik. Ingevolge TWE Holdings se inligtingstegnologiebeleid moet die groep se rekenaars elke drie jaar vervang word. TWE Holdings het geraam dat die waarde van die rekenaartoerusting wat in 2017 verkry is op die verkrygingsdatum nagenoeg R100 000 was maar dat dit, gebaseer op transaksies van soortgelyke items in die mark op daardie datum, ekstern vir R150 000 verkoop sou kon word.

Besonderhede van die netto batewaarde van DSS was op die betrokke datums soos volg:

| | **1 September 2019**<br>**R** | **30 Junie 2020**<br>**R** |
|---|---|---|
| Aandelekapitaal (100 000 aandele) | 100 000 | 100 000 |
| Behoue verdienste* | 1 860 000 | 3 090 000 |

* Wins-en-verlieslynitems tot op datum ingesluit.

Die inkomste en uitgawes van DSS het gelykmatig gedurende die finansiële jaar opgeloop.

DSS het in FJ2020 verkope van R15,8 miljoen behaal.

JPA Auditors Ing. (‘JPA’):

- Is as die ouditeure van DSS vir FJ2020 aangestel;
- Is ’n ouditfirma met ’n 30-jaar ondervinding in die oudit van klein- en mediumgrootte ondernemings;
- Is nie met Awdit geaffilieer nie; en
- Het nog nooit maatskappye van ander Awdit groepkliënte geoudit nie.

## 4 Verwanteparty-transaksies

Die onderstaande is ’n uittreksel uit die aantekeninge by die afsonderlike finansiële state van TWE Holdings vir FJ2020:

**AANTEKENINGE BY DIE AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE**
**VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2020**

**39. Verwanteparty-transaksies**

Die maatskappy het gedurende die jaar die onderstaande transaksies met verwante partye aangegaan:

| | **Verkoop van goedere/dienste** | | **Aankoop van goedere/dienste** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2020**<br>**R** | **2019**<br>**R** | **2020**<br>**R** | **2019**<br>**R** |
| Digital Streaming Solutions (Edms) Bpk | 140 000 | – | – | – |
| TWE Manufacturing (Edms) Bpk | 358 000 | 380 000 | – | 450 000 |
| TWE Productions (Edms) Bpk | 132 000 | 120 000 | – | – |

TWE Holdings Bpk vorder ’n bestuursfooi in van elk van hierdie maatskappye aangesien die maatskappy daartoe in staat is om hulle te beheer of beduidend te beïnvloed.

Die bedrag verdien vanaf TWE Manufacturing (Edms) Bpk bestaan uit die verkoop van voorraad vir R160 000 (2019: R200 000) en ’n bestuursfooi van R198 000 (2019: R180 000). Die bedrae verdien vanaf die ander verwante partye het uitsluitlik betrekking op bestuursfooie.

| **39. Verwanteparty-transaksies (vervolg)** | | |
|---|---|---|
| | **Dividende ontvang** | |
| | **2020<br>R** | **2019<br>R** |
| TWE Productions (Edms) Bpk | 150 000 | 134 000 |

Die onderstaande bedrag was op die verslagdoeningsdatum uitstaande:

| | **Bedrae verskuldig deur verwante partye** | | **Bedrae verskuldig aan verwante partye** | |
|---|---|---|---|---|
| | **2020<br>R** | **2019<br>R** | **2020<br>R** | **2019<br>R** |
| Digital Streaming Solutions (Edms) Bpk | 14 000 | – | – | – |

Die uitstaande bedrag het betreking op die bestuursfooi verdien deur die maatskappy. Die uitstaande bedrag is ongesekureer en sal in kontant vereffen word.

Geen uitgawes vir slegte of twyfelagtige skulde met betrekking tot die bedrae verskuldig deur verwante partye is in die tydperk erken nie.

**Vergoeding van sleutel bestuurspersoneel**

Al die uitvoerende direkteure van TWE Holdings Bpk het gedurende FJ2017 elk 10 000 aandele in TWE Productions (Edms) Bpk teen R150 per aandeel verkry, toe die markwaarde op die aankoopdatum R280 per aandeel was. Hulle mag hierdie aandele eers in 2022 verkoop.

## 5 Groepinstruksies aan JPA

Die e-pos hieronder is deur die aanstellingsvennoot van die TWE Groep se oudit, me Michelle Furr, aan die aanstellingsvennoot van die DSS-oudit, mnr Arjun Naidoo, gestuur.

**Vanaf:** michelle.furr@awdit.co.za
**Aan:** ANaidoo@jpa.co.za
**Datum:** 17 Junie 2020 7:25 vm
**Prioriteit:** Dringend
**Onderwerp:** Oudit van DSS met die oog op konsolidasie van die TWE Groep

Goeiedag Arjun

Ons is die ouditeure van die TWE Groep, en verneem dat JPA weer aangestel is as eksterne ouditeur van DSS vir FJ2020.

Aangesien DSS ingevolge ISA 600 geag word ŉ beduidende komponent van die TWE Groep te wees, sal die resultate van julle oudit gebruik word om die ouditwerk op DSS te beperk. Ons sal dan op die oudit van die konsolidasie van die TWE Groep vir FJ2020 fokus. Ons versoek dus dat julle ook aan ons, as ouditeure vir die groep, verslag doen ingevolge die aangehegte instruksies en die International Standards on Auditing.

Ek som die belangrikste punte in verband met die aangehegte instruksies hieronder op:

1 Aangesien julle firma alreeds alle tersaaklike etiese vereistes (met inbegrip van vereistes van onafhanklikheid) in ag geneem het voordat DSS as 'n kliënt aanvaar is, is dit nie nodig om etiese vereistes (met inbegrip van vereistes van onafhanklikheid) in verband met die TWE Groep-oudit te oorweeg nie.
2 Julle kan die beplannings- en uitvoeringswesenlikheid vir DSS stel op watter vlak julle ook al toepaslik ag.
3 Let tydens jul oorweging gedurende die oudit van DSS daarop dat daar 'n aantal verwanteparty-transaksies tussen die entiteite in die TWE Groep is, soortgelyk aan wat in die vorige finansiële jaar in die TWE Groep se finansiële state openbaar gemaak is.
4 Stuur asseblief so gou moontlik nadat julle die oudit afgehandel het slegs julle ouditverslag aan my, selfs al is dit net die konsepverslag. .

Moet asseblief nie huiwer om my te kontak indien jy enige vrae rakende die aangehegte instruksies het nie.

Groete, Michelle

Na afhandeling van die DSS-oudit het Arjun die onderstaande e-pos aan Michelle gestuur:

**Vanaf:** ANaidoo@jpa.co.za
**Aan:** michelle.furr@awdit.co.za
**Datum:** 31 Julie 2020 17:25 nm
**Prioriteit:** Dringend
**Onderwerp:** Oudit van DSS met die oog op konsolidasie van die TWE Groep

Goeiedag Michelle

In opvolging van jou e-pos gestuur op 17 Junie 2020, heg ek ons konsep ouditverslag oor die finansiële jaarstate van DSS vir FJ2020 aan.

As deel van ons oudit het ons 'n bestuursfooi geïdentifiseer wat deur DSS aan TWE Holdings betaal is. Ons het nie enige ouditprosedures op die bestuursfooi uitgevoer nie, aangesien die intergroeptransaksies vir doeleindes van die TWE Groep-oudit tydens konsolidasie geëlimineer moet word.

Ons het ook 'n aantal tekortkominge in beheermaatreëls geïdentifiseer terwyl ons ons beheermaatreëltoetsing, oor die goedkeuring van koste aangegaan met die instandhouding van die IT-infrastruktuur (soos die koste van die bedieners, hardeware en die netwerk), uitgevoer het. Gebaseer op ons navrae is aan ons te kenne gegee dat die hele TWE Groep dieselfde verskaffer vir IT-verwante koste gebruik, en gevolglik het ons geen verdere stappe gedoen om op die tekortkominge te reageer nie. Ons het gehoop dat die beheermaatreëls wat op groepvlak uitgeoefen word, doeltreffend werk en dit sou dus aan ons gerusstelling verskaf dat die tekortkominge in beheermaatreëls by DSS nie vir die TWE Groep 'n probleem sou wees nie.

Alles van die beste met die afhandeling van die TWE Groep-oudit.

Groete
Arjun


© SAIGR 2020

## 6 Dood van Buzz

Buzz het op 15 September 2019 tragies gesterf. Buzz was sedert 2015 ŉ direkteur van TWE Holdings. Hy was ten tye van sy dood 58 jaar oud en was buite gemeenskap van goedere, sonder die aanwasbedeling, met Jessie getroud. Sy was ten tye van sy dood 56 jaar oud. Buzz en Jessie was gewoonlik woonagtig in Australië, en het nadat hulle in 2015 na Suid-Afrika geïmmigreer het, vir die eerste keer gewoonlik woonagtig in die Republiek van Suid-Afrika geword.

Volgens ŉ rekord verskaf deur die eksekuteur van Buzz se boedel, was Buzz se bates (teen billike markwaardes) en laste op 15 September 2019 soos volg:

| | | R |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| 1 | ŉ Woonstel in Australië wat Buzz verkry het terwyl hy nog ŉ Australiese inwoner was en voor hy met Jessie getroud is. Die woonstel is in 2012 gekoop. | 4 750 000 |
| 2 | Aandele in TWE Holdings. Die billike markwaarde van die aandele op 15 September 2019 was R300 per aandeel. | ? |
| 3 | Aandele in ŉ Australiese maatskappy wat nie op ŉ aandelebeurs genoteer is nie:<br>• Buzz het die aandele in 2018 verkry.<br>• Ingevolge Buzz se laaste testament moes die eksekuteur die aandele verkoop om die laste van die boedel te vereffen.<br>• Op die datum van sy dood is die aandele teen R4 750 500 gewaardeer en dit is daarna teen R6 665 000 verkoop. | ? |
| 4 | Motors en ander diverse persoonlike bates. | 7 800 000 |
| 5 | Huis in Johannesburg, wat sy primêre woning was. Hierdie huis is aan sy vrou bemaak. | 12 700 000 |
| 6 | Binnelandse polis:<br>• Buzz se broer, Mike, het ŉ polis op Buzz se lewe uitgeneem.<br>• Die opbrengs op die polis is na Buzz se dood aan Mike uitbetaal.<br>• Die premies en die 6% rente op die polis het R215 000 beloop en is alles deur Mike betaal. | 10 100 000 |
| 7 | Blote eiendomsreg op ŉ plaas in die Vrystaat:<br>• Ten tye van sy dood het Buzz die blote eiendomsreg op hierdie plaas waarop bona fide-boerdery plaasgevind het, besit.<br>• Die vruggebruik oor die plaas word deur Mike (sy broer), wat ten tye van Buzz se dood 52 jaar oud was, geniet.<br>• Die prys wat op die datum van Buzz se dood tussen ŉ gewillige koper en verkoper op ŉ verkoop van die plaas behaal sou kon word, was R3,7 miljoen.<br>• Die waarde van die vruggebruik vir boedelbelastingdoeleindes is R3 282 878. | ? |
| 8 | Kontant in daggeldrekening. | 8 000 000 |
| **Laste** | | |
| 9 | Sterfbed- en begrafnisonkostes. | 180 000 |
| 10 | Suid-Afrikaanse Inkomstediens: Normale belasting betaalbaar ten opsigte van die tydperk van aanslag wat op die datum van Buzz se dood geëindig het. | 780 000 |
| 11 | Meestersgelde en eksekuteursvergoeding. | 1 193 422 |
| 12 | Uitstaande verband op die woonstel in Australië. Die eksekuteur het ŉ deel van die bedrag gerealiseer met die verkoop van die aandele in die Australiese maatskappy gebruik om die verskuldigde bedrag te vereffen. | 1 200 000 |


© SAIGR 2020

## 7 Bykomende inligting

- Dit is die beleid van die TWE Groep om beleggings in filiale in sy afsonderlike finansiële state volgens die kostemetode, in ooreenstemming met IAS 27 *Consolidated and Separate Financial Statements,* par. 10(a), te verantwoord.
- Dit is die beleid van die TWE Groep om beleggings in geassosieerdes in sy afsonderlike finansiële state volgens die kostemetode, in ooreenstemming met IAS 27.10(a), te verantwoord en in sy gekonsolideerde finansiële state volgens die ekwiteitsmetode, in ooreenstemming met IAS 28 *Investments in Associates and Joint Ventures*.
- Die TWE Groep het gekies om kumulatiewe winste of verliese op beleggings in ekwiteitsinstrumente, wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is, by die verkoop van die instrument na behoue verdienste oor te dra.
- TWE Holdings het gekies om IFRS 3 *Business Combinations* in sy afsonderlike finansiële state toe te pas vir die erkenning en meting van die 5 000 aandele wat deur TWE Holdings uitgereik sou moes word as gedeeltelike vereffening van die verkryging van die 35% belang in DSS.


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT
VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 4**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek die akkuraatheid en volledigheid van Aantekening 18: *Belang in geassosieerde* vir FJ2020 in ooreenstemming met IFRS.<br><br>Moenie die aantekening herformuleer nie, behalwe met betrekking tot openbaarmakings wat moontlik weggelaat is.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 10<br><br><br><br>*1* | <br><br><br><br>11 |
| (b) | Bespreek hoe TWE Holdings die 5 000 aandele wat deur TWE Holdings as gedeeltelike vereffening vir die verkryging van die 35% belang in DSS uitgereik sou moes word, in sy afsonderlike finansiële state vir FJ2020 moet erken en meet.<br><br>Ignoreer belasting. | 6 | <br><br>6 |
| (c) | Berei die pro forma-joernaalinskrywings voor om die belegging in DSS in die gekonsolideerde finansiële state van die TWE Groep vir FJ2020 te verantwoord.<br><br>• Moenie joernaalinskrywings vir die toedeling van die wins vir FJ2020 aan die niebeherende belange verstrek nie.<br>• Moenie afsonderlike joernaalinskrywings vir the eliminasie van wins-en-verlieslynitems gedurende FJ2019 tot en met the verkrygingsdatum verstrek nie.<br><br>*Kommunikasievaardighede – aanbieding* | 24<br><br><br><br>*1* | <br><br><br><br>25 |
| (d) | Bereken die boedelbelasting betaalbaar deur Buzz se boedel.<br><br>Verstrek redes vir bates of laste wat nie by die boedelbelastingberekening ingesluit moet word nie. | 15 | <br><br>15 |
| **Totaal vir deel 1** | | | **57** |


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 4**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (e) | Beskryf die bedrog en/of foute wat gedurende die konsolidasieproses sou kon voorkom wat die risiko van wesenlike wanvoorstelling in die TWE Groep se gekonsolideerde finansiële state vir FJ2020 sou verhoog.<br><br>Ignoreer enige aangeleenthede wat met aanbieding en openbaarmaking verband hou.<br><br>*Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | 11<br><br><br>*1* | <br><br><br>12 |
| (f) | Beskryf die risiko's van wesenlike wanvoorstelling ten opsigte van die aanbieding en openbaarmaking van die verwanteparty-transaksies en saldo's in TWE Holdings se afsonderlike finansiële state vir FJ2020. | 6 | 6 |
| (g) | Beskryf die stawingsprosedures wat Awdit moet uitvoer om voldoende en toepaslike ouditbewyse met betrekking tot die bestuursfooi verdien van DSS in te samel.<br><br>*Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | 10<br><br>*1* | <br><br>11 |
| (h) | Bespreek enige bekommernisse wat jy moontlik mag hê rakende die opsomming van sleutelpunte wat Michelle in haar e-pos aan Arjun genoem het.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 6<br><br>*1* | <br><br>7 |
| (i) | Bespreek die uitwerking wat die tekortkominge in beheermaatreëls deur JPA gerapporteer in Arjun se e-pos sou hê op die aard van die verdere ouditprosedures wat Awdit in verband met TWE Holdings se gekonsolideerde finansiële jaarstate vir 2020 moet uitvoer. | 7 | 7 |
| **Totaal vir deel II** | | | **43** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2020